OPSTELLING

1. Verdeel Voortrekkerspan in spanne van twee lede. Indien die span uit ongelyke aantal lede bestaan, kan meer lede by 'n span ingedeel word.

2. Begin met 'n span. 'n Speler trek 'n kaartjie. Die speler het dan 30 sekondes om die woorde op die kaartjie te verduidelik. Sy/haar spanmaat moet uit die verduideliking raai wat die woord is. Geen woord of gedeelte van 'n woord wat op die kaartjie is, mag gebruik word in die verduideliking nie. Indien die woord wat die speler moet verduidelik Gebiedskamp is, mag die woord kamp of gebied nie in die verduideliking gebruik word nie. Die speler kan die woorde in enige volgorde verduidelik.

3. Die span kry die aantal punte van hoeveel woorde hulle reg gekry het.

4. Die volgende span kry dan 'n beurt. Aan die einde word die punte bymekaargetel.

5. Daar moet beurte gemaak word vir verduideliking en woorde raai. As die speler die een rondte verduidelik het, moet hy/sy die volgende rondte die woorde raai.

BENODIGDHEDE

Kaartjies

Uurglas of stophorlosie

Pen en papier (om punte aan te teken)

RAAI DIE WOORDE

Die woorde kom uit die Verkennerlewe.

Hierdie is 'n lekker speletjie vir Voortrekkerspanne vir die inoefening van enige Voortrekkerwerk.

Die Voortrekkers

WENKE

- Kies spanne regverdig.
- Indien die kinders te veel sukkel, kan die tyd dalk langer gemaak word.
- Die spel kan ook so verander dat die deelnemer enige een van die woorde kan verduidelik. Die tyd sal dan minder wees.
- Die kaartjies met die rooi randjies is oor die algemeen moeiliker.